# Beckham sukkel met seun (/) se somme



LONDEN. – Die sokkerster en Engelse nasionale sokkerkaptein, David Beckham, het erken hy kan nie sy sewejarige seun met sy huiswerk help nie omdat dit te moeilik is.

Hy het dié onthulling gemaak aan die *Mail on Sunday* in 'n onderhoud om sy nuwe-sokkerakademie in Greenwich, Londen, te bemark.

Volgens Beckham is Brooklyn, die oudste van sy drie seuns, gevra om 'n huiswerkopdrag te doen waarby wiskunde betrokke is. "Hul huiswerk is so moeilik deesdae. Ek het die ander dag met Brooklyn gesit om sy huiswerk te doen en toe maar gesê: 'Victoria, miskien moet jy eerder vanaand met die huiswerk help'."

Beckham en sy vrou, Victoria, word gereeld deur die Britse media gespot dat hulle nie die mees intellektuele supersterre in Brittanje is nie, al is sy fortuin sowat £65 miljoen (meer as R650 miljoen) werd. Hulle is verlede jaar in 'n Channel 4-peiling aangewys as die "sinloosste beroemde paartjie".

Beckham het aan die koerant gesê die skoolwerk wat sy seun moet doen, is "heeltemal anders" as voorheen. "Dit word heeltemal anders gedoen as wat ek geleer is op skool."

Brooklyn gaan skool teen £1 200 (R12 000) per kwartaal by 'n Britse skool in Madrid, Spanje. Die skool is bekend vir sy hoë peil en slegs kinders met 'n IK van 110 of hoër word ingeskryf.

1. Haal 'n woord uit paragraaf 1 aan wat daarop dui dat Beckham 'n besonder goeie sokkerspeler is. (1)
2. Waarom het die koerant 'n onderhoud met Beckham gevoer? (2)
3. Is die volgende stelling waar of onwaar? Gee 'n rede vir jou antwoord. *Brooklyn het twee ouer broers.* (2)
4. Wat het Beckham gedoen toe hy nie sy seun met sy wiskunde kon help nie? (2)
5. Waarom spot die Britse media dikwels met Beckham en sy vrou? (2)
6. Watter woord in paragraaf 4 verwys na Beckham se rykdom? (1)
7. Hoe verduidelik Beckham die feit dat hy nie sy seun met sy huiswerk kan help nie? (2)
8. In watter land gaan Brooklyn skool? Antwoord in slegs een woord. (1)
9. Waarom word daar genoem hoeveel dit kos om na Brooklyn se skool te gaan? (2)
10. Hoe weet 'n mens dat Brooklyn redelik intelligent moet wees? (2)
11. Waarom word die seun se ouderdom in die berig se opskrif gegee? (2)




12. In watter graad is die seuntjie?
13. Waarom is die pa ontevrede met sy seun?
14. Hoe wys die pa se liggaamstaal dat hy ontevrede met sy seun is?
15. Wat kan 'n mens uit die seuntjie se voorkoms aflei?
16. Op watter twee maniere wil die seuntjie heel moontlik eendag soos Beckham wees?
17. Vul net die ontbrekende woorde in: 'n Mens weet die ma is besig om huis skoon te maak, want sy staan met 'n ___ in haar hand en sy dra 'n ___.

## Afdeling C: Taal

### Vraag 4: 'n Advertensie

Bestudeer die onderstaande advertensie.



**"'n Klein ogie met 'n groot uitkyk . . ."**

**NOKIA OBSERVATION CAMERA** Jy kán op twee plekke gelyk wees. Want dié hoëgehaltekamera met wyehoekens spog met 'n ingeboude versender. Só kan jy foto's neem en dit per MMS (multimediaboodskapdiens, wat netwerkafhanklik is) na enige ander MMS-versoenbare foon of e-posadres versend. Dit kan ook outomaties foto's neem op vasgestelde tye, wanneer iets beweeg, of wanneer jy 'n SMS na die kamera stuur. Dis nou 'n vindingryke koekeloerder, van Nokia.

Besoek www.nokia.co.za vir die jongste inligting oor Nokia-pprodukte, of skakel RF Group by 0822 30 40 50 of e-pos sorglyn@rfgroup.co.za

NOKIA
Connecting People

Voltooi die volgende paragrawe met die hulp van die leidrade in die regterkantse kolom. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

| | |
|---|---|
| (4.1 Die advertensie sê dat Nokia 'n klein ogie met 'n groot uitkyk het.) | 4.1 Skryf in die direkte rede. |
| Die (4.2 kamera) spog met 'n ingeboude versender. Jy kan (4.3 foto's) per (4.4 MMS) of per (4.5 e-pos) na (4.6 vriende) stuur. Jy kan ook (4.7 interessante/interesante) foto's op vasgestelde tye neem. Dit is baie (4.8 maklik) om foto's (4.9 stuur). As jy Nokia se webtuiste besoek, kan jy die (4.10 jongste) inligting kry. (4.11 Nokia is 'n baie goeie produk.) Die (4.12 persoon wat foto's neem) kan foto's van 'n hoë (4.13 gehalte) neem. Die grootste (4.14 voordeel) van die kamera is dat dit nie so (4.15 duur) is nie. | 4.2 Gee die meervoud.<br>4.3 Gee die verkleinwoord.<br>4.4 Skryf die afkorting volledig uit.<br>4.5 Waarvoor staan die e- in e-pos?<br>4.6 Gee die vroulike vorm.<br>4.7 Kies die korrekte woord.<br>4.8 Gee die antoniem.<br>4.9 Skryf in die infinitief.<br>4.10 Gee die antoniem.<br>4.11 Skryf in die verlede tyd.<br>4.12 Gee een woord.<br>4.13 Gee die sinoniem.<br>4.14 Gee die antoniem.<br>4.15 Gee die intensiewe vorm. |

Kies 'n woord uit kolom B om by die sinne in kolom A te pas. Skryf slegs die letter A–F langs die vraagnommer 4.16–4.20 neer.

| Kolom A | Kolom B |
|---|---|
| 4.16 Alle Nokia's is duur. | A blydskap |
| 4.17 Koop net 'n Nokia en kry klaar! | B seerkry |
| 4.18 Hoera! Ek het 'n Nokia gewen! | C stereotipering |
| 4.19 Baie dankie vir die oulike Nokia. | D oorredende taal |
| 4.20 Eina! Die Nokia het op my voet geval. | E dankbaarheid |

Lees die onderstaande artikel in die tabel deeglik deur en beantwoord die vrae. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

| | |
|---|---|
| **My eerste probeerslag: en ek wen!**<br>Hoe (4.21 gelukkig) kan 'n mens wees? Heidi Lewis (4.22 ___) Pretoria het 'n (4.23 nuwe) Nissan ter waarde van (4.24 R75 000) gewen. Heidi het haar Huisgenoot in (4.25 eet + tyd) gekoop. Toe sy na (4.26 bl.) 22 blaai, kon sy nie anders as om haar geluk te (4.27 beproef/geproef) nie. Wat 'n (4.28 verassing/verrassing) wag toe op haar! Sy was beslis 'n (4.29 wenner). (4.30 "Ek kan dit nie glo nie,") het sy gesê. (4.31 Sy rits nou die hele plek vol.) Sy (4.32 vertrek/betrek) elke dag om 6 (4.33 vm.) en kom eers na (4.34 donker) tuis. (4.35 Die dame bestuur self haar motor.) Sy probeer (4.36 hard) om niemand (4.37 pla) nie. | 4.21 Gee die antoniem.<br>4.22 Gee die voorsetsel.<br>4.23 Gee die intensiewe vorm.<br>4.24 Skryf die bedrag voluit.<br>4.25 Vorm 'n samestelling.<br>4.26 Skryf die afkorting volledig uit.<br>4.27 Kies die regte woord.<br>4.28 Kies die korrekte woord.<br>4.29 Gee die antoniem.<br>4.30 Skryf in die verlede tyd.<br>4.31 Skryf in die toekomende tyd.<br>4.32 Kies die regte woord.<br>4.33 Skryf die afkorting voluit.<br>4.34 Gee die intensiewe vorm.<br>4.35 Skryf in die lydende vorm.<br>4.36 Gee die intensiewe vorm.<br>4.37 Skryf in die infinitief. |

Totaal: 40

Groottotaal: 75

**AFDELING D: FUNKSIONELE TAALVAARDIGHEID**

**VRAAG 8 WOORDSTRUKTURE**

Kyk na die onderstaande prentjie en voltooi die volgende paragraaf deur elke keer die instruksies tussen hakies te volg. Skryf net die nommer en die korrekte antwoord neer.



By Crawford het ek baie 8.1 (**vriend – teenoorgestelde geslag**) gemaak. Ek 8.2 (**kuier / besoek – kies die korrekte woord**) my maats gedurende die 8.3 (**naweek – meervoud**). Ons praat soms 8.4 ( ______ **voorsetsel**) mekaar oor die foon en gesels land en 8.5 (**tand / sand – kies die korrekte uitdrukking**). 'n 8.6 (**goed – gee die korrekte woord**) vriend is iemand 8.7 (**waarop / op wie – kies die korrekte betreklike voornaamwoord**) jy kan staatmaak. 'n Getroue vriend is altyd eerlik en lojaal.

Hulle moet jou ook in 8.8 (**beter – antoniem**) tye ondersteun. Jy moet met jou maats praat as 8.9 (**moeilikheid – meervoud**) opduik. Hulle sal jou beslis 8.10 (**help / hulp – kies die korrekte woord**). 'n Mens moet 8.11 ( ______ **voornaamwoord**) maats goed kies, want as 8.12 (**probleme – verkleinwoord**) opduik, sal hulle jou raad gee.

Ek het my beste maat ontmoet toe ek 8.13 (**44 – skryf die getal in 'n woord uit**) jaar oud was. Ek 8.14 (**waardeer / waardeur – kies die korrekte woord**) alles wat hy vir my doen. Ons sal beslis 8.15 (**lewe + maats – samestelling**) wees.



Ons is in 8.16 (**die selfde / dieselfde – kies die korrekte woord**) skool, maar hy vaar 8.17 (**goed – vergrotende trap**) as ek. Hy is ook 'n uitstekende sportman en het KZN-8.18 (**klere / kleure – kies die korrekte woord**) vir sokker verwerf. Hy is fiks en nie 8.19 (**baie vet – intensiewe vorm**) nie. Hy gaan eendag sokker vir 8.20 (**SA – skryf die afkorting voluit**) speel. Ek is trots op my maat.

**20 ÷ 2 = [10]**

**VRAAG 9 SINSTRUKTURE**

Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande strokiesprent gebaseer.




[Spotprent uit *Rapport*, 4 Mei 2011]

Herskryf die onderstaande sinne soos aangedui.

9.1 Pa probeer baie hard, maar hy vind SMS-taal moeilik. (1)
Al probeer Pa baie hard ...

9.2 Pa sê: "Mickey is baie goed met die selfoon."
Pa sê dat ... (1)

9.3 Pa moet vinnig SMS-taal leer. (1)
Pa behoort ...

**VRAAG EEN BEGRIPSTOETS**

**BESTUDEER DIE TEKS EN BEANTWOORD DIE VRAE WAT VOLG.**




**VRAE.**

1. WAT IS DIE NAAM VAN DIE PLAAS ? 1
2. NOEM TWEE SOORTE DIERE WAT JY OP DIE PLAAS KAN SIEN. 2
3. WIE IS NELLIE ? 1
4. KIES DIE KORREKTE ANTWOORD:
   4.1. VAN NELLIE KRY ONS :
      a. SUPERMOO
      b. MELK
      c. KAAS 1

   4.2. WAT KAN JY IN DIE TROETELDIERWINKEL SIEN?
      a. VARKE
      b. KOEIE
      c. PAPEGAAIE 1
5. WATTER WOORD SÊ VIR ONS DAT DIE PLAAS ELKE DAG VAN DIE WEEK OOP IS ? 1
6. NOEM TWEE AKTIWITEITE WAT JY OP DIE PLAAS KAN DOEN. 2
7. SÊ OF DIE VOLGENDE SINNE WAAR OF ONWAAR IS .
   7.1 DAAR IS 'n PLEK WAAR JY LIGTE ETES KAN GENIET.
   7.2 JY KAN DIE DIERETUIN IN DIE NAG BESOEK.
   7.3 JY KAN DIE PLAAS OP HULLE SELFOON BEL .
   7.4 VOLWASSENES EN KINDERS BETAAL DIESELFDE OM DIE PLAAS TE BESOEK.
   7.5 OOM FANIE IS BLY AS LEERLINGE MET HULLE SKOLE DIE PLAAS BESOEK. 5
8. HOE LAAT SLUIT DIE PLAAS ? 1

TOTAAL 15

**VRAAG TWEE TAALKUNDE**

**2.1 SKRYF IN DIE VERLEDE TYD:**

2.1.1 PA NEEM ONS NA DIE PLAAS TOE. 2

2.1.2 DIE SKOOLKINDERS BESOEK OOM FANIE SE PLAAS. 2

**2.2 SKRYF IN DIE ONTKENNING:**

2.2.1. DAAR RY IEMAND OP DIE TREKKER. 2

2.2.2. DAAR WAS IETS BY DIE PLAAS SE HEK. 2

**2.3 SKRYF IN DIE LYDENDE VORM :**

2.3.1..DIE KOEI SKOP DIE EMMER. 2

2.3.2 PA HET DIE TROETELDIER GEKOOP 2

**2.4 VERBIND DIE SINNE MET DIE WOORD TUSSEN HAKIES:**

2.4.1 EK IS BLY OM DIE PLAAS TE BESOEK. EK HOU BAIE VAN DIERE. ( WANT ) 2

2.4.2 ONS WAS BAIE HONGER. MA HET TEE EN KOEK GEKOOP. ( DAAROM ) 2

**2.5. VOLTOOI MET GEPASTE WOORDE :**

2.5.1 ONS HET ............... MOTOR NA DIE PLAAS TOE GERY.

2.5.2. MA WAS BAIE TROTS .................... ONS KINDERS.

2.5.3 DIE PLAASHAND HET DIE MELK ..................... DIE KANNETJIE GESIT.

2.5.4.DIE PRENT HANG ................... DIE MUUR. 4

**2.6 KIES DIE KORREKTE WOORD TUSSEN HAKIES.**

2.6.1 ONS HET DIE PLAAS ( BESOEK / VERSOEK )

2.6.2 DAAR WAS DRIE ( SKAAPE/SKAPE )IN DIE VELD.

2.6.3 'n KLEIN ( KALFIE / KALFTJIE ) HET MELK GEDRINK. 3

**2.7 VOLTOOI DIE VOLGENDE SIN MET GEPASTE WOORDE.**

2.7.1 IN DIE MÔRE AS ONS IEMAND GROET SÊ ONS " ....................MÔRE HOE ....................DIT MET JOU? 2

TOTAAL : 40

**STELLINGS** (statement)

*Gebruik die voegwoord DAT, dus gaan die werkwoord na die einde van die sin.

bv. Bob sê: "Ek gaan saam met my gesin Kaap toe.

Bob sê dat hy saam met sy gesin Kaap toe gaan.

**VRAE** (questions)

*Gebruik die voegwoord OF as die antwoord op die vraag ja of nee kan wees.

bv. Karmen vra: "Bob, gaan jy in Desember met vakansie?"

Karmen vra vir Bob of hy in Desember met vakansie gaan.

*Gebruik die VRAAGWOORD as voegwoord, as die vraag met 'n vraagwoord begin.

bv. Suveer vra: "Wat gaan Bob in die vakansie doen?"

Suveer vra wat Bob in die vakansie gaan doen.

**BEVELE** (commands) *Gebruik OM [illegible] TE of DAT [illegible] MOET



bv. Die onderwyser sê: "Kinders, bly nou stil!"

Die onderwyser sê vir die kinders om stil te bly.

Die onderwyser beveel die kinders om stil te bly.

Die onderwyser sê vir die kinders dat hulle moet stilbly.

**EMOSIES** (emosions)

*Uitroepe of uitdrukkings wat emosies of hoflikheid uitbeeld, moet omskryf word. Gebruik EMOSIEWOORD en DAT

bv. Die kinders skree: "Hoera! Dit is uiteindelik vakansie!"
Die kinders skree opgewonde dat dit uiteindelik vakansie is.

bv. Pa sê: "Sjoe, die pad na Kaapstad is darem baie lank."
Pa sê moedeloos dat die pad na Kaapstad darem baie lank is.



# VOORSETSELS

**AAN**

Hulle sit AAN tafel vir ontbyt.
Sy klop AAN die deur. (knocks on)
Mary skryf 'n brief AAN haar vriendin.
Ek dink AAN my broer wat oorsee is. (think of)
Ons gesin is geheg AAN mekaar. (devoted to)
Sy raak AAN hom verloof. (engaged to)
Hy ly AAN vigs. (suffers from)
Dis te danke AAN haar dat ek geslaag het.
Dis te wyte AAN hom dat sy gedruip het.
Die twee verliefdes stap hand AAN hand.
Hy is dood AAN longontsteking.
Hulle kom kop AAN kop by die wenpaal aan.
Die brug is AAN jou linkerkant.
Daar is 'n tekort AAN onderwysers. (shortage of)
Glo jy AAN spoke? (believe in)

**AGTER**

Hy staan AGTER my. (behind)
Die skelm is AGTER slot en grendel. (behind bars)

**BY**

Sy bly BY haar ouers. (to stay with)
Hy loop BY die deur IN / UIT.
Hulle is BY die skool. (at)
Die dief breek BY die huis in.
Die motor ry BY die hek in.
Sy kyk BY die venster UIT.
Mary het BY die dood omgedraai. (almost died)

**DEUR**

Hy loop DEUR die rivier. (through)
Dis DEUR jou dat ek laat is. (because of)
Hy is DEUR die wind. (confused)
Sy het DEUR haar nek daarvoor betaal. (too much)
Hy vervang sy bakkie DEUR 'n motor.

**IN**

Ek glo IN God.
Hy is IN sy kamer.
Hulle lewe van die hand IN die tand.
IN 'n mate is dit waar. (to an extent)

## MET

Sy is getroud MET 'n prokureur. (married to)
Die gesin is MET vakansie. (on holiday)
Hy praat MET my. (talks to)
MET ander woorde. (in other words)
Jy gesels MET jou vriend.
Hy raas MET die stout kind.
Hulle baklei MET mekaar.

## NA

Ek kyk NA die kinders. (to look after)
Sy kyk NA die mooi blomme. (to look at)
Hy moet NA skool bly. (to stay after)
Ek aard na my ma. (takes after)
Sy verlang NA haar seun. (to miss)
Ek soek NA my pen. (to look for)
Sy gaan NA hom toe. (to him)

## OM

Die beseerde roep OM hulp. (to call for)
Hy smeek OM genade. (to beg for mercy)
Hy loop OM die hoek. (around the corner)

## ONDER

Hy sit ONDER die tafel. (under)
Sy het griep ONDER lede. (is sickening for)
Die koor staan ONDER leiding van mev. Visser.
HY is ONDER verdenking. (is a suspect)

## OOR

Sy kom OOR 'n week huis toe. (in a week's time)
Hulle praat OOR die uitslae. (about)
Dis nou twintig OOR agt. (twenty past)

## OP

Sy sit op die stoel. (on)
John is verlief OP Mary. (in love with)
Sarah is jaloers OP Mary. (jealous of)
Mary is OP skool in Durban. (at school)
Hy is versot OP pizza. (very fond of)
Haar pa is nog OP kantoor. (at his office)

## PER

Ons ry PER bus, motor, trein, vliegtuig.
Hy het PER ongeluk die koppie gebreek
Hy stuur die pakkie PER pos.

## TEEN

Jy gaan TEEN my sin na die film kyk.
Hy staan TEEN die muur.
Die skildery hang TEEN die muur.
Hy is gekant TEEN dwelms.

## TEN

Die fonds is TEN bate VAN die ouetehuis.
Sy kan TEN minste vra as sy wil loop.
Hy rook TEN koste VAN sy gesondheid.
HY betaal TEN duurste vir die huis.
Dit het alles TEN goede meegewerk.

## TE

Sy gaan TE perd of TE voet.
Die skip word TE water gelaat. (launch)

## TOT

TOT my spyt moet ek dit erken. (to my regret)
TOT my skande het ek geval. (to my disgrace)
HY voel aangetrokke TOT die meisie. (attracted to

## UIT

Hy kyk BY die venster UIT. (through)
Hy lees UIT die boek voor. (from)
Hy ry BY die hek UIT. (through)
Leer UIT jou foute. (from your mistakes)
Hy het dit UIT afguns gedoen. (out of jealousy)
Hy klim UIT die motor.

## VAN

Hy hou baie VAN haar. (likes her)
Ek is ten gunste VAN verandering. (in favour of)
Jy moet die werk VAN buite leer. (off by heart)
Sy is genees VAN die siekte. (cured of)
Hy skinder VAN jou. (about)
Hy is VAN moord aangekla en skuldig bevind.
Hulle praat baie daarVAN. (about)

## VIR

Hy is lief VIR haar.
Sy is kwaad VIR my.
Hy vra VIR 'n stukkie brood.

## VOOR

Hy loop VOOR my. (in front of)
Dit is kwart VOOR tien.
Die vakansie is VOOR die deur.

*As die bedrywende sin 'N OPDRAG (*command*) is, word daar 'n **MOET** (*must*) voor die ge- + werkwoord geplaas.

Bv. Sluit al die deure! (*Lock all the doors!*)
Al die deure **moet gesluit word!** (*All the doors must be locked!*)

*VRAE (*questions*) word só in die Lydende vorm gedoen.

| | |
|---|---|
| Wie boei die dief? | **Deur wie word die dief geboei?** |
| Wie het die dief geboei? | **Deur wie is die dief geboei?** |
| Wie sal die dief boei? | **Deur wie sal die dief geboei word?** |
| Boei die man die dief? | **Word die dief deur die man geboei?** |
| Het die man die dief geboei? | **Is die dief deur die man geboei?** |
| Sal die man die dief boei? | **Sal die dief deur die man geboei word?** |

*As daar **TWEE hulpwerkwoorde** in die sin is, skryf ons dit só:
*If a sentence has TWO auxiliary verbs, we write it as follows:*



Hulle **SAL** die polisie gou **MOET** bel.
Die polisie **SAL** gou deur hulle gebel **MOET** word.
(Die tweede hulpwerkwoord kom DIREK VOOR WORD!)

*"DAAR" word gebruik as daar geen **ONDERWERP** is nie
*"DAAR" is used when there is no SUBJECT.*

Sy skree hard.
Daar word hard deur haar geskree.

*As daar **BEHOORT** of **HOEF** in die tweede posisie is

Hy **BEHOORT** elke aand die deure te sluit.
Die deure **BEHOORT** elke aand deur hom gesluit te word.
Hulle **HOEF** nie die inbrekers te skiet nie.
Die inbrekers **HOEF** nie deur hulle geskiet te word nie.



## DIE BETEKENIS VAN PRE- EN POSTMORFEME




**INDIEN JULLE DIE BETEKENISSE VAN HIERDIE MORFEME KEN, GAAN DIT JULLE HELP OM WOORDE WAT JULLE NIE VERSTAAN NIE, TE VERKLAAR.**

| | | |
|---|---|---|
| be- | : voorsien van (*provide*)<br>: optree asof (*act in certain manner*) | - begroet (*greet / salute*)<br>- beduiweld (*wrong-headed*) |
| ge- | : 'n versameling van (*collection of*)<br>: aanhoudende (*continuous*) | - gebergte (*mountains*)<br>- gefluister ( *whispering*) |
| ver- | : verander van (*change from*)<br>: bedek met (*covered with*)<br>: te veel van (*too much of*) | - verjaar (*birthday*)<br>- verguld (*gilded*)<br>- verslaap (*oversleep*) |
| her- | : weer 'n keer (*again / re-*) | - herken (*recognize*) |
| ont- | : begin om te (*to start*)<br>: wegneem van (*take away from*)<br>: los, vry (*loosen / to free*) | - ontwaak (*wake up*)<br>- ontvries (*defrost*)<br>- ontknoop (*loosen knot*) |
| aarts- | : die belangrikste (eerste) (*the most important / first*) | - aartsvyand (*arch-enemy*) |
| wan- | : slegte, verkeerde (*bad / wrong*) | - wanpraktyk (*malpractice*)<br>wanbegrip (*misunderstand*) |
| mis- | : verkeerd (*wrong*) | - mislukking (*failure*) |
| on- | : nie (*not*)<br>: slegte (*bad*) | - ontevrede (*dissatisfied*)<br>- onguns (*disfavour*) |
| anti- | : teen (*against* | - anti- oorlog (*anti-war*) |
| pro- | : ten gunste van (*in favour of*) | - pro-vrede (*pro-peace*) |
| pre- | : voor (*before / in front*) | - pre-histories (*pre-historic*) |
| post- | : na (*after*) | - postdateer (*post-date*) |
| tele- | : ver / oor 'n afstand (*far*) | - telegram (*telegram*) |
| sub- | : onder (*below*) | - subredakteur (*sub-editor*) |
| vise- | : onder (*under*) | - vise-hoof (*deputy principal*) |
| ab- | : onder (*below*) | - abnormaal (*abnormal*) |
| oer- | : die oudste (*the oldest*) | - oerwoud (*jungle*) |
| -erig | : effens (*slightly*) | - vakerig (*sleepy*) |
| -loos | : sonder (*without*) | - moedeloos (*dejected*) |

## teenoorgestelde

1. *Teenstellings*

Voltooi die volgende sinne met die teenstelling van die skuins gedrukte woorde:

Voorbeeld: Die vleis is nie *gaar* nie, maar *rou*.

(*a*) Daardie man is nie *ryk* nie, hy is maar .....
(*b*) Die emmer is *leeg*, nie ..... nie.
(*c*) Die brug is nie *wyd* nie, dit is maar .....
(*d*) Die muur is nie *hoog* nie, dit is baie .....
(*e*) Die somme is vir hom *maklik*, maar vir my is hulle .....
(*f*) Hy is my *vriend*, nie my ..... nie.
(*g*) Vir haar is dit 'n *mooi* rok, vir my is dit maar .....
(*h*) Die hemp is *skoon*, nie ..... nie.
(*i*) Die vrugte is al *ryp*, dis nie meer ..... nie.
(*j*) Die beeste is mooi *vet*, nie ..... nie.
(*k*) Sy lyk maar *siek* vandag, sy is nie ..... nie.

2. Vul een van die volgende woorde in as *teenstelling* van die vetgedrukte woord in die onderstaande sinne:

BREED, OUD, ONSKULDIG, REGUIT, VERKEERD, GOEDKOOP, NEDERIG, LAASTE, STADIG, NETJIES.

(*a*) Die som is nie **reg** nie, maar ....
(*b*) Hy ry nie **vinnig** nie, maar ....
(*c*) Sy is nie **trots** nie, maar ....
(*d*) My boek is nie **nuut** nie, maar ....
(*e*) Hulle tuin is **slordig**, maar ons tuin is ....
(*f*) Ons dorpie se strate is **smal**, maar die stad se strate is ....
(*g*) Die landdros vra: "Is jy **skuldig** of ....?"
(*h*) Ek staan **eerste** in die ry, maar hy staan ....
(*i*) My streep is **skeef**, maar joune is ....
(*j*) Haar nuwe rok is **duur**, maar myne is ....

3. Leer nou ook die volgende *teenstellings:* (Hulle kom almal voor in die Lesse wat reeds met julle behandel is.)

Die vliegtuig is nie **splinternuut** nie, maar **stokoud**
Sy hare is nie **pikswart** nie, maar **spierwit.**
My koffie is nie **suikersoet** nie, maar **galbitter.**
Sy hande is nie **yskoud** nie, maar **vuurwarm.**
Dis nie **aand** nie, dis **oggend.**
Hy **wen** nie. Hy **verloor.**
Die grond is nie **nat** nie. Dis **droog.**
Die koppie is nie **vol** nie. Dis **leeg.**
Hy staan nie **anderkant** nie. Hy staan **duskant.**
Ek wil nie 'n motor **koop** nie. Ek wil myne **verkoop.**
Dis nie die **begin** nie, dis die **einde.**
Die kamer is nie **donker** nie, maar **lig.**
Hy is nie 'n **held** nie, maar 'n **lafaard.**
Hy is nie **dapper** nie. Hy is **lafhartig.**
Hulle kom nie **hiernatoe** nie. Hulle gaan **daarnatoe.**
Sy **slaap** nie, sy is **wakker.**
Jan kry **alles** en ek kry **niks.**
Hy ry **opdraand** en hulle **afdraand.**
Daar is nie nou **oorlog** nie, maar **vrede.**
Die lig is nie **dof** nie, maar **helder.**
Ons dam is **vlak** en hulle s'n **diep.**
Jy moet die muur **opbou** en dit nie **afbreek** nie.
Jy moet jou skoene **aantrek,** nie **uittrek** nie.
Sarie is **gehoorsaam,** maar Willem is **ongehoorsaam.**

## NUTTIGE INLIGTING

- Woorde soos **skool toe** en **huis toe** word altyd as twee woorde geskryf.
- Die verskil tussen die gebruik van **ken** en **weet**:

'n Mens gebruik **ken** in 'n kort sin, maar 'n mens gebruik **weet** saam met **van** of saam met 'n **ander werkwoord**.

| **KEN** | **WEET** |
|---|---|
| Ek **ken** die skuiling. | Ek **weet van** die skuiling. |
| Ek **ken** die skuiling se naam. | Ek **weet** wat die skuiling se naam **is**. |
| Ek **ken** die adres. | Ek **weet** wat die adres **is**. |

1. Voltooi die volgende sinne deur OM TE of TE reg in te vul:
   (*a*) Sy wys vir ons hoe .... (met 'n pen skryf).
   (*b*) Moeder vra vir my .... (die brood sny).
   (*c*) Hy is baie bang .... (aan 'n slang vat).
   (*d*) Vader help my .... (my skoene vasmaak).
   (*e*) Hy sê ons behoort almal iets van slange .... (weet).
   (*f*) Sy het winkel toe gegaan .... (rys koop).
   (*g*) Dis baie moeilik .... (van die hoë dak afklim).
   (*h*) Dit is vir hom moeilik .... (in die môre opstaan).
   (*i*) Die dokter het gekom .... (haar inspuit).
   (*j*) Die man het probeer .... (die slang vang).

2. Voltooi die volgende sinne met OM TE:
   (*a*) Die jakkals lê en wag .... (die skape vang).
   (*b*) Die dokter het gekom .... (haar ondersoek).
   (*c*) Vader het besluit .... ('n nuwe motor koop).
   (*d*) Die ouers het vroeg gegaan .... (sitplek kry).
   (*e*) Cora soebat .... (saamgaan).
   (*f*) Ma vra my suster .... (brood sny).
   (*g*) Hy sal ons vra .... (deelneem).
   (*h*) Dit was moeilik .... (die bal uitgee).

3. *Voltooi die volgende sinne met* OM TE:
   (*a*) Hy was bang .... (in die vliegtuig ry).
   (*b*) Dis moeilik .... ('n slang vang).
   (*c*) Dis makliker .... (lê) as .... (staan).
   (*d*) Die mannetjie is altyd gereed .... (sy kleintjies beskerm).
   (*e*) Hulle het vinnig gehardloop .... (daar kom).
   (*f*) Ek sal bly wees .... (hom ontmoet).
   (*g*) 'n Vleuel moet probeer .... (baie vinnig hardloop).
   (*h*) Hy wil probeer .... (sy pa se motor bestuur).

4. **Vul in *om te* of *te*, indien nodig**
   a) Dalk het hy ook iets ________ sê.
   b) Neem jy ook deel ________ wen?
   c) Jy hoef nie meer ________ kom nie.
   d) Die werk is nie moeilik ________ doen nie.
   e) Is jy besig ________ eksamen ________ skryf.
   f) 'n Ossewa is vandag nie meer ________ kry nie.
   g) Ek hoop ________ die toets ________ slaag.
   h) Dis moeilik ________ vas ________ stel wie die skuldige is.
   i) Deur ________ kerm, sal jy nie jou sin kry nie.
   j) Kan ek ook jou boek ________ sien kry?

# Lees en kyk: Begrip van 'n koerantberig

**Pre-lees**

Kyk na die **kop** (titel) van die koerantberig. Voorspel wat die inhoud van die berig sal wees.

**Tydens lees**

Lees die berig aandagtig deur. Let op die kenmerke van die berig. Is die styl formeel of informeel?

- Sê in hoeveel paragrawe die berig geskryf is.
- Kies die korrekte antwoord:
  Die **hoofgedagte** (tema) van die koerantberig is: a) Facebook gaan verdwyn b) Facebook se status is nog gesond en sal bly.

## Wat is Facebook se status?



Al hoe meer mense sê Facebook begin hulle verveel. Beteken dit die dae van sosiale netwerke is getel?

Elke verhouding begin met sterre in die oë, maar baie van hulle werk nie uit nie. So is dit dan ook met Facebook. Baie mense verkies om vir 'n rukkie van Facebook af weg te bly, want hulle is Facebook-voos. Jy spandeer te veel tyd daaraan, jy raak moeg vir die simpel grappies wat rondgestuur word of jy het genoeg gehad van die lelike goed wat vriende van mekaar sê.

Aan die begin van die Facebook-verhouding is dit opwindend om baie tyd saam te spandeer, totdat dit deel van die alledaagse word. (Dan wil julle mekaar nog sien, maar nie elke minuut in mekaar se geselskap wees nie.)

Sosiale media is nie net 'n mode nie, dit is beslis hier om te bly. Het jy geweet, 91,33% van Suid-Afrikaners wat internet het, het wel 'n Facebook-profiel?

Die probleem is net dat Facebook nie genoeg fokus op mense se privaatheid nie. Dit is ook erg om te dink dat Facebook eintlik van jou, jou vriendskappe en jou familie 'n produk maak. Sal Facebook verdwyn? Facebook is diep ingegrawe in mense se daaglikse internetgebruik en daar is op die oomblik geen rede hoekom mense die netwerk sal verlaat nie.

(Aangepas en verkort uit: *Rapport Weekliks*, 4 Maart 2012, bladsy 1)





**Post-lees: Hoe goed verstaan jy die berig?**

1. Noem twee redes waarom mense Facebook-voos is.
2. Waarmee word 'n mens se verhouding met Facebook vergelyk?
3. Wat beteken dit as iets se "dae getel" is?
4. Is die volgende stellings **waar of onwaar**? Motiveer jou antwoorde.
   a) Vir die eerste ruk wat 'n mens Facebook gebruik, is jy absoluut mal daaroor.
   b) In Suid-Afrika is daar min Facebook-gebruikers omdat mense nie daarin belangstel nie.
5. Noem twee aspekte waaroor Facebook-gebruikers negatief voel.
6. Hoekom bly jou Facebook-verhouding nie opwindend nie?
7. Facebook is hier om te bly.
   a) Wat is die skrywer van die artikel (joernalis) se opinie hieroor? Motiveer jou antwoord.
   b) Wat is jou opinie hieroor? Motiveer jou antwoord.
8. Sluit die **titel** van die leesstuk by die laaste sin (gevolgtrekking) aan?

**Post-lees (vervolg): 'n Forumbespreking**

Hou 'n forumbespreking oor die kenmerke van die teks. Hou die volgende in gedagte: die doel, die teikengroep, die taalgebruik en die styl. Maak beurte om te praat.



## Taal in konteks: Bywoorde

Onthou, **bywoorde** word gebruik om meer inligting oor wat gedoen word (die werkwoord in die sin) te gee, byvoorbeeld: My suster praat **hard** op haar selfoon.

Skryf die **bywoorde** tussen hakies op die regte plek in die sinne.

1. Tieners speel op hul selfone. **(gedurig)**
2. Hy werk op sy rekenaar. **(vinnig)**
3. Sy stuur SMS-boodskappe vir haar maats. **(graag)**



## Taal in konteks: Sinonieme, antonieme en voornaamwoorde

**Sinonieme** is woorde met min of meer dieselfde betekenis. Dit help jou om beter of mooier woorde te kies, byvoorbeeld:

Die foto van my vriendin op Facebook is **mooi**. – **pragtig**
Die rekenaarspeletjie is **lekker**. – **heerlik**
Dit is 'n **goeie** TV-program. – **interessante, spannende**

| | |
|---|---|
| kwaad | woedend |
| prinsipaal | skoolhoof |
| sisteem | stelsel |

'n **Skuinsstreep** beteken **of**, byvoorbeeld siek/ongesond (siek **of** ongesond).



**Antonieme** is woorde met die teenoorgestelde betekenis.
Die foto van my vriendin op Facebook is **mooi**. – **lelik**
Die rekenaarspeletjie is **lekker**. – **sleg**
Dit is 'n **goeie** TV-program. – **swak**

Nog **antonieme** is:

| | |
|---|---|
| baie – min | lui – fluks |
| voordele – nadele | vriend – vyand |
| altyd – nooit | dikwels – selde |
| veilig – onveilig | gesond – siek/ongesond |
| positief – negatief | oud – nuut |

Die voorvoegsel "on-" beteken "nie". As jy dus 'n woord se antoniem moet gee, kan jy met "on-" probeer:

| | |
|---|---|
| gelukkig – **on**gelukkig | tevrede – **on**tevrede |
| welkom – **on**welkom | vriendelik – **on**vriendelik |

**Voornaamwoorde** is woorde wat in die plek van selfstandige naamwoorde gebruik word bv. **Die man** praat. **Hy** praat.

| **Persoonlik** | **Besitlik** |
|---|---|
| **Ek** het 'n selfoon. | Dit is **my** selfoon. |
| **Jy** het 'n selfoon. | Dit is **jou** selfoon. |
| **Hy** het 'n selfoon. | Dit is **sy** selfoon. |
| **Sy** het 'n selfoon. | Dit is **haar** selfoon. |
| **Ons/Julle/Hulle/U** het 'n selfoon. | Dit is **ons/julle/hulle/u** selfoon. |





## Lees en kyk: 'n Kort tydskrifartikel

Lees die volgende teks en beantwoord die taalvrae.

### Tekens van tegnologie-verslawing

- Jy kan aan byna niks anders as jou selfoon dink nie.
- Jy probeer gereeld minder tyd aanlyn bestee, maar jy kan nie.
- Jy is rusteloos, buierig en ly aan depressie as jy daarsonder is.
- Jy jok vir familie en vriende oor hoeveel tyd jy daaraan bestee.
- Jy gebruik dit om van jou probleme weg te kom.

(Aangepas uit: *Huisgenoot*, 22 Desember 2011, bladsy 17)

1. Soek die **antoniem** vir die volgende woorde in die teks hierbo.
   a) ongereeld b) rustig c) vyande
2. Soek 'n **sinoniem** vir die volgende woorde in die teks hierbo.
   a) amper b) dikwels c) lieg
3. Gee die regte vorm van die vetgedrukte woord tussen hakies.
   a) 'n Selfoon se (klein **skerm**) is kleiner as dié van 'n iPad.
   b) 'n Mens kan mooi (baie **foto**) met jou selfoon neem.
   c) Goeie (baie **tyd**) met jou vriende is baie belangrik.
4. Vervang die woorde tussen hakies met die regte **voornaamwoord**.
   Lindiwe vra vir Michaela of (a. **Michaela**) ook te veel tyd aan (b. **Michaela se**) selfoon bestee. Lindiwe vertel dat John altyd met (c. **John se**) selfoon speel en dat (d. **John**) daaraan verslaaf is. Kinders jok vir (e. **kinders se**) ouers oor hoeveel tyd (f. **kinders**) aanlyn bestee.

Woorde wat op 'n **o** eindig, kry 'n 's in die meervoud.



## Taal in konteks: Enkelvoudige sinne, teenwoordige en verlede tyd

Onthou, 'n enkelvoudige sin is 'n sin wat net een gesegde het, bv. Die tiener **speel** (gesegde – werkwoord) rekenaarspeletjies (teenwoordige tyd). Die tiener **het** rekenaarspeletjies **gespeel**. (verlede tyd)

1. Skryf die sinne oor in die **verlede tyd**.
   a) Ek **koop** 'n nuwe selfoon.
   b) Die selfoon **is** duur.
2. Skryf die sinne oor in die **teenwoordige tyd**.
   a) My TV **was** stukkend.
   b) My ma **het** met my **geraas**.



# ADJEKTIEWE (Adjectives)

'n Adjektief gee meer inligting oor 'n selfstandige naamwoord en is dus 'n beskrywende woord,

bv. Steve is 'n professionele sportman. Sy sportsoort is opwindend.

* 'n Adjektief kan vóór of ná 'n selfstandige naamwoord staan.

VOOR 'n selfstandige naamwoord (attributief), eindig die woord dikwels op 'n -e,
bv. Vlieërbranderry is nie 'n stemmige sportsoort nie.
Dit is 'n baie vinnige sportsoort.



NA 'n selfstandige naamwoord (predikatief), kry die woord nooit 'n -e nie,
bv. Die sportsoort is nie stemmig nie.
Die sportsoort is baie vinnig.

LET OP NA DIE VOLGENDE REËLS:

Die meeste kort adjektiewe kry nie 'n -e as dit voor die selfstandige naamwoord staan nie,
bv. Die vark is vet. Dit is 'n vet vark.



Ons las '-e aan adjektiewe as dit 'n lang woord is wat uit meer as een sillabe bestaan, bv. Brandervlieërs het ongelooflike krag.

As kort woorde op 'n d, f, of g eindig, verander die spelling in die attributiewe vorm,



bv. goed - Hy is 'n goeie sportman.
dood - Sommige mense dink gholf is 'n dooie sport.
koud - Sy swem in koue water.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| lief | - | liewe ma | droog | - | droë hout |
| dof | - | dowwe lig | moeg | - | moeë kind |
| doof | - | dowe man | vroeg | - | vroeë oggend |
| | | | sag | - | sagte bed |
| | | | laag | - | lae muurtjie |



'n Lang woord wat op -er eindig, kry nie 'n -e in die attributief nie,
bv. Die partytjie is lekker. Dit is 'n lekker partytjie.
Die tee is bitter. Dit is bitter tee.

Woorde wat op -nk eindig, verander na -ng in die attributiewe vorm,
bv. Haar bene is lank. Sy het lang bene.
Die kind is jonk. Dit is 'n jong kind.



# DEELWOORDE (Participles)

Wanneer jy die regte vorm van woorde tussen hakies moet gee, moet jy die volgende onthou:

*As die woord tussen hakies 'n WERKWOORD is, verander dit na 'n DEELWOORD wat meestal 'n beskrywende woord is.



Daar is twee soorte deelwoorde:

*TEENWOORDIGE DEELWOORDE
(Present participle eg. The smiling child = The child who is smiling.)

* Wanneer die aksie nog besig is om te gebeur, word -de, -ende of -end aan die woord gevoeg.

-de word net aan doen, gaan, sien en staan gevoeg.
bv. voldoende bewyse — bestaande reëls
versiende mense — verbygaande motors

-ende wanneer die beskrywende woord attributief (voor die selfstandige naamwoord) is:

| | | |
|---|---|---|
| bv. | (huil) kind | huilende kind |
| | (sterf) oupa | sterwende oupa |
| | (waai) wind | waaiende wind |
| | (kook) water | kokende water |



-end wanneer die beskrywende woord predikatief (na die selfstandige nw.) is: bv. Die kind gaan huilend skool toe.
Die oupa is sterwend.

*VERLEDE DEELWOORDE
(Past participle eg. The broken window=The window that has been broken)



* Wanneer die aksie reeds verby is, vorm ons 'n beskrywende woord deur ge vooraan en -de, -te of -e agter aan die woord te voeg:

Daar is twee soorte verlede deelwoorde:

Swak verlede deelwoorde (literal use: gebreekte koppie = broken cup)

*As die woord op K of P eindig, kry dit ge + -te
bv. (kook) water — gekookte water
(kap) hout — gekapte hout



*As die woord op F, G of S eindig, kry dit ge + -te of ge + -de
bv. (afstof) boekrak — afgestofte / afgestofde boekrak
(droog) vrugte — gedroogte vrugte / gedroogde vrugte
(was) skoene — [illegible]

**Sterk verlede deelwoorde** (figurative use: gebroke hart = brok<u>en</u> heart)

Word gewoonlik gevorm deur 'n vokaalverandering en eindig altyd met 'n -e in die attributiewe vorm,



| | | |
|---|---|---|
| bv. | (bederf) kind | bedorwe kind |
| | (opwen) mense | opgewonde mense |
| | (breek) hart | gebroke hart |



# MEERVOUDE (Plurals)

Sleutelwoorde om te onthou wanneer meervoude verlang word:



bv.

Daar is 'n paar voëls in die boom.

Al die voëls is blou.

Een van die voëls het 'n af vlerk.

## Hoe om MEERVOUDE te vorm:

### *MEERVOUDE met -e

1. Woorde wat met dubbel konsonante eindig, kry gewoonlik 'n -e (double consonants)

   bv. hond - honde
   perd - perde




2. Woorde met twee vokale (twee verskillende vokale), (double vowels)

   bv. mier - miere
   huis - huise



3. By woorde met dubbel vokale, val een vokaal in die meervoud weg, (twin vowels)

   bv. haas - h<u>a</u>se
   peer - p<u>e</u>re




4. By woorde met een, kort vokaal, verdubbel die konsonant in die meervoud, (short vowel)

   bv. kat - ka<u>tt</u>e
   vis - vi<u>ss</u>e




5. By woorde wat eindig op 'ag', val die 'g' weg en eindig dit met -e (ending in 'ag')

   bv. dag - dae
   vlag - vlae




6. Woorde wat eindig op 'ig', kry -te in die meervoud, (ending in 'ig')

   bv. gesig - gesigte
   lig - ligte



7. By woorde met twee vokale + 'f', val die 'f' weg en eindig dit met -we, (double/twin vowel + 'f')

   bv. d<u>ui</u>f - duiwe
   st<u>oo</u>f - stowe




8. By woorde met 'n kort vokaal + 'f', val die 'f' weg en eindig dit met -wwe, (short vowel + 'f')

   bv. sif - siwwe
   stof - stowwe



### *MEERVOUDE met -ë

1. Woorde wat eindig op 'og', kry -ë in die meervoud, (ending in 'og')

   bv. oog - oë
   oorlog - oorloë



2. Woorde met twee vokale +/- 'g', (double vowel + 'g')

   bv. vl<u>ieg</u> - vlieë
   kn<u>ie</u> - knieë




**LEER OOK DIE VOLGENDE:**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| hemp - | hemde | kas - | kaste | nag - | nagte |
| pad - | paaie | blad - | blaaie | | |
| stad - | stede | skip - | skepe | lid - | lede |
| gat - | gate | glas - | glase | | |




Adjektiewe kan trappe van vergelyking hê. *(degrees of comparison).*

- As ons vergelyk en daar is 'n DIE voor die adjektief, gebruik ons die DERDE TRAP.
- As daar 'n AS in die sin is, is dit die TWEEDE TRAP.
- Die meeste woorde kry -ER in die tweede trap en -STE in die derde trap.
- Daar is egter 'n paar reëls wat jy moet leer: Kyk na die volgende kolomme.

| WOORD | AS | DIE |
|---|---|---|
| vet *('n kort vokaal, moet kort bly, daarom verdubbel die konsonant.)* | vetter as | die vetste |
| bleek *('n lang vokaal gaan nou in 'n oop lettergreep staan en daarom verval een vokaal en ons verdubbel nie die konsonant nie)* | bleker as | die bleekste |
| mooi | mooier as | die mooiste |
| hartseer *(As 'n woord op 'n r eindig, kry dit -der)* | hartseerder as | die hartseerste |
| sag *(As 'n woord op 'n g eindig, kry dit -ter)* | sagter as | die sagste |
| fluks *(As 'n woord op 'n s eindig, sal dit 'n dubbel s (ss) hê)* | flukser as | die fluksste |

| | | |
|---|---|---|
| tevrede *(As 'n woord op 'n e eindig met meer as twee lettergrepe, kry dit meer en mees.)* | meer tevrede as | die mees tevrede |
| lank *(As 'n woord op 'n k eindig, kry dit 'n -ger)* | langer as | die langste |
| jonk *(Dieselfde as lank)* | jonger as | die jongste |
| oud *(As 'n woord met 'n lang vokaal eindig op d, val die d weg.)* | ouer as | die oudste |
| lief *(Woorde wat op f eidig, kry -wer)* | liewer as | die liefste |
| gaaf *(Woorde wat op f eindig na 'n lang klank, kry 'n w, maar net een vokaal)* | gawer as | die gaafste |
| dof *(Woorde wat op f eindig na 'n kort klank, kry 'n dubbel 'ww')* | dowwer as | die dofste |
| kwaad | kwater as | die kwaadste |
| kwaai | kwaaier as | die kwaaiste |
| droog *(As daar nie 'n e in die woord is nie, kry dit net 'n deelteken op die e.)* | droër as | die droogste |
| moeg *(As daar reeds 'n e is, kry dit nog 'n e met 'n deelteken.)* | moeër as | die moegste |
| slu *(As 'n woord op 'n u eindig, kry dit 'n dubbel (uu) in die derde trap)* | sluwer / sluer as | die sluuste |
| leeg | leër as | die leegste |
| bietjie<br>weinig | minder as | die minste |
| baie | meer as | die meeste |
| naby | nader as | die naaste |
| goed | beter as | die beste |
| nuut | nuwer as | die nuutste |

1. *Remember, if you compare things or people, you must use the Comparative Form. AS (than) before the adjective will be your clue.*
2. *If you compare things or people and you want the ultimate, you must use the Superlative Form. DIE (the) before the adjective will be your clue.*
3. *With "hoe ......... hoe ......... (hoe)" you must use the Comparative Form.*

# VRAAGWOORDE EN DIE GEBRUIK DAARVAN.

You must know and understand question words to be able to ask and answer questions and to follow instructions accurately in comprehensions.

VRAAGWOORDE (QUESTION WORDS):

| | | |
|---|---|---|
| Wie | - Who | Wie het die boek geneem? |
| Wie se | - Whose | Wie se pen lê op die vloer? |
| Wat | - What | Wat beteken die woord? |
| Watter | - Which | Watter boek is joune? |
| Waarom / hoekom | - Why | Waarom het jy dit gedoen? |
| Hoe | - How | Hoe het jy dit geweet? |
| Hoeveel | - How many | Hoeveel kinders gaan saam? |
| Hoe laat | - What time | Hoe laat begin die wedstryd? |
| Wanneer | - When | Wanneer kom jou pa terug? |
| Waar | - Where | Waar is my boek? |
| Waarin | - In what | Waarin bêre jy jou juwele? |
| Waarop | - On what | Waarop sit jy? |
| Waaruit | - Out of what | Waaruit lees jy? |
| Waarvoor | - For what | Waarvoor wag jy? |
| Waarmee | - With what | Waarmee sny jy brood? |
| Waarvandaan | - From where | Waarvandaan kom jy? |
| Waarheen | - Where to | Waarheen gaan julle? |
| Waarnatoe | | Waarnatoe gaan julle? |
| Die hoeveelste | - What is (date) | Die hoeveelste is dit vandag? |

Aan wie / met wie, oor wie - To whom / with whom etc. vir mense.

# INSTRUKSIES / OPDRAGTE (INSTRUCTIONS)

| | | |
|---|---|---|
| Onderstreep | - Underline | Onderstreep die regte woord. |
| Verduidelik | - Explain | Verduidelik die situasie. |
| Beantwoord | - Answer | Beantwoord die vrae. |
| Kies | - Choose | Kies die korrekte antwoord. |
| Voltooi | - Complete | Voltooi die sin. |
| Verbind | - Join | Verbind die sinne met voegwoorde. |
| Beskryf | - Describe | Beskryf die partytjie. |
| Vertel van | - Tell about | Vertel van die partytjie. |
| Hoekom dink jy | - Why do you think | Hoekom dink jy het sy dit gedoen? |
| Gee twee opeenvolgende woorde | | Give two consecutive words |
| Antwoord in 'n volsin | | Answer in a full sentence |
| Skryf slegs / net die antwoord neer | | Just write the answer |
| Gee die ooreenkomste | | Give the similarities |
| Gee die verskille | | Give the differences |

Vra 'n vraag waarop die onderstreepte gedeelte die antwoord is.
Ask a question so that the underlined part will be the answer.

1. Dit is al vandag die tiende Augustus. *Die hoeveelste is dit al vandag?*
2. Ek wil by my ouma en oupa gaan kuier. *By wie wil jy gaan kuier?*
3. Ek is laat omdat ek verslaap het. *Waarom / hoekom is jy laat?*

# Direkte en Indirekte Rede




'Die DIREKTE REDE is 'n persoon wat aan die woord is, se oorspronklike woorde.
Na die inleidende werkwoord - sê, vra, roep, bevel, ens., gebruik ons 'n dubbelpunt.
Die direkte woorde word in aanhalingstekens geskryf.

Bv. Bob sê: "Ek gaan saam met my gesin Kaap toe."

*'n Mens het soms nodig om ander mense se woorde oor te vertel en dan maak jy van die INDIREKTE REDE gebruik.

LET WEL:
*Die aanhalingstekens val weg.
*Die dubbelpunt val weg.
*'n Groep 3 voegwoord word gebruik; dus gaan die werkwoord na die einde van die sin.
*Die tyd van die werkwoord bly dieselfde.
*Die voornaamwoord verander na die derde persoon.

*Voornaamwoorde in die indirekte rede verander sodat die betekenis van die sin nie verander nie.

| | | |
|---|---|---|
| Ek, jy | *word* | hy / sy |
| Ons, julle | *word* | hulle |
| Myne, joune | *word* | syne / hare |
| Ons s'n, julle s'n | *word* | hulle s'n |




Daar is drie tye in Afrikaans. *(There are 3 tenses in Afrikaans.)*

*TEENWOORDIGE TYD - *(PRESENT TENSE)*
Kyk vir woorde soos: vandag; nou; deesdae, ens.

*VERLEDE TYD - *(PAST TENSE)*
Kyk vir woorde soos: gister; eergister; daardie dag / week, maand, jaar; destyds; verlede jaar / week, maand; 'n rukkie gelede; onlangs; 'n jaar gelede; lank terug, ens.

*TOEKOMENDE TYD - *(FUTURE TENSE)*
Kyk vir woorde soos: môre; oormôre, die volgende dag / week, maand, jaar; oor 'n rukkie; in die toekons; binnekort; ens.

1. *Remember that you work with your verbs in Afrikaans. The rest of the word order will not change.*
2. *Underline your verb(s) before you start writing anything.*
3. *Circle the conjunctions.*
4. *Look for the infinitive* (om te).




1. 'n Gewone werkwoord (regular verb): We use "het" en "ge-" before the verb.

*het ⟹ ge + WERKW.
Hy bou die huis. — Hy het die huis gebou.

*sal ⟹ WERKWOORD
Hy bou die huis. — Hy sal die huis bou.

2. IS changes to WAS in the past tense and to SAL WEES in the future tense.

*IS ⟹ WAS ⟹ SAL ...... WEES
Hy is siek. Hy was siek Hy sal siek wees.

3. HET (have) changes to HET GEHAD in the past tense and to SAL HÊ in future tense.

*HET ⟹ HET....... GEHAD ⟹ SAL .....HÊ
Hulle het 'n huis. Hulle het 'n huis gehad. Hulle sal 'n huis hê.

4. 'n Hulpwerkwoord en 'n werkwoord If there is a helping verb + a verb, the helping verb changes.

*WIL ⟹ WOU ⟹ SAL ....... WIL + WW.
Hulle wil praat. Hulle wou praat. Hulle sal wil praat.

*MOET ⟹ MOES ⟹ SAL ....... MOET + ww
Hulle moet slaap. Hulle moes slaap. Hulle sal moet slaap.

*KAN ⟹ KON ⟹ SAL ....... KAN + WW.
Sy kan speel. Sy kon speel. Sy sal kan speel.

*SAL ⟹ SOU ⟹ SAL + WW.
Hy sal kom. Hy sou kom. Hy sal kom.

5. If the verb begins with BE-, GE-, HER-, ER-, ONT-, VER-, MIS-, OOR- *we get HET but no ge- in the past tense.*

Die skool begin. Die skool het begin. Die skool sal begin.

Die man vertrek. Die man het vertrek. Die man sal vertrek.

6. DAN (then), AS (when), WANNEER(when), NOU (now), change to TOE in the past tense.




Wanneer ek moeg is, slaap ek. — Gister toe ek moeg was, het ek geslaap.
Hy leer eers, dan rus hy. — Gister het hy eers geleer, toe het hy gerus.
Sy gaan nou slaap. — Sy het toe gaan slaap.
Hy leer hard as hy wil slaag. — Hy het hard geleer toe hy wou slaag.

7. The helping verbs PROBEER, BEGIN, LAAT, KOM en GAAN with another verb go to the end of the sentence just before the verb.




saam met 'n ander werkwoord gaan na die einde van die sin, maar voor die werkwoord(e). MOENIE hulle posisies van eerste na laaste verander nie.

| | |
|---|---|
| Hy **probeer** sy werk doen. | Hy **het** sy werk **probeer doen**. |
| Hy **begin** met my praat. | Hy **het** met my **begin praat**. |
| Sy **laat** my haar boeksak dra. | Sy **het** my haar boeksak **laat dra**. |
| Hulle **kom** gereeld by ons kuier. | Hulle **het** gereeld by ons **kom kuier**. |
| Sy **gaan** haar skoene poets. | Sy **het** haar skoene **gaan poets**. |

8. **TWEE WERKWOORDE sonder EN.** Kry GEEN ge- in die verlede tyd nie.

If there are two verbs in the same sentence, without the EN conjunction, the verbs go to the end, verb 1 first and then verb 2. Don't use the ge-.

| 1 2 | 1 2 |
|---|---|
| Ek **hoor** die mense **gesels**. | Ek het die mense **hoor gesels**. |
| Hy **sien** die kinders **lag**. | Hy **het** die kinders **sien lag**. |

9. In sinne met **TWEE WERKWOORDE, met die EN-verbinding**, kry die eerste werkwoord 'n ge- as jy die aksies **GELYKTYDIG** kan doen.

If there are 2 verbs with the EN conjunction and both actions can be done simultaneously, the first verb gets a ge-. Don't change their positions!

| | |
|---|---|
| Sy **sit** en **lag** in die klas. | Sy **het** in die klas **gesit** en **lag**. |

10. Sinne met **TWEE WERKWOORDE, met die EN-verbinding** kry TWEE ge's as jy dit **NIE GELYKTYDIG** kan doen nie. NB. MOENIE HULLE POSISIES OMRUIL NIE!

If there are 2 verbs with an EN conjunction and you can't do the actions at the same time, both verbs must get ge's-.

Sy **was** en **pak** die skottelgoed weg. Sy **het** die skottelgoed **gewas** en **weggepak**.

11. Ons verander niks in die **INFINITIEF** nie en moet die **werkwoord voor** die **OM TE** plaas.

If there is a OM TE (infinitive) in the sentence, don't change it, but put your verb before the OM for past tense and future tense.




| | |
|---|---|
| Hy **hou** daarvan OM TE werk. | Hy **het** daarvan **gehou** OM TE werk. |

12. **SKEIBARE WERKWOORDE**. Party werkwoorde bestaan uit TWEE dele. Baie keer is die een deel 'n voorsetsel, MAAR nie altyd nie. Die <u>klem val op die eerste deel</u>, bv. <u>aan</u>trek; <u>geluk</u>wens; <u>asem</u>haal; <u>neer</u>laat; <u>skoon</u>maak; <u>voor</u>trek, ens.

Skeibare werkwoorde can be separated into two parts in the present tense. We recognise the verbs because <u>the emphasis is on the first part</u>. Lots of times a preposition is part of the verb. If a sentence ends with a preposition, you can be sure it is part of the verb.
It is separated in the present tense but in the past and future tense we combine it again as one word and the past tense gets a ge- in the middle.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Teenwoordige tyd:** | trek uit | ; sit op | ; sit aan | ; haal af | |
| **Verlede tyd:** | <u>het</u> uitgetrek | opgesit | aangesit | afgehaal | |
| **Toekomende tyd:** | <u>sal</u> uittrek | opsit | aansit | afhaal | |

| | | |
|---|---|---|
| Ek **trek** my klere **uit**. | Ek **het** my klere **uitgetrek**. | Ek **sal** my klere **uittrek**. |
| Hy **sit** sy hoep **op**. | Hy **het** sy hoed **opgesit**. | Hy **sal** sy hoed **opsit**. |

13. By die **ONSKEIBARE WERKWOORDE** val die klem op die tweede deel van die woord en dit kry nie 'n ge- nie.

Onskeibare werkwoorde can never be separated and there is no ge- in the past tense. The second part of the verb is emphasised,
bv. aan<u>vaar</u>; be<u>gin</u>; oor<u>tuig</u>; her<u>sien</u>; onder<u>soek</u>; oor<u>win</u>; mis<u>handel</u>, her<u>ken</u>,

| | |
|---|---|
| Hy **om<u>hels</u>** haar. | Hy **het** haar **om<u>hels</u>**. |

14. **KOPPELWERKWOORDE** is nie die infinitief nie en daar is geen OM nie.

*BEHOORT (ought to) kan POSITIEF of NEGATIEF wees, afhangende van die sin en kry **TE** voor die werkwoord.

*HOEF (need not) is ALTYD NEGATIEF en kry **TE** voor die werkwoord.

*BLYK en SKYN (seems like) kan POSITIEF en NEGATIEF wees en kry TE voor die werkwoord.

| | | |
|---|---|---|
| Bv. | Hy **moet** die werk dadelik doen. | Hy **behoort** die werk dadelik **te** doen. |
| | Hy **moenie** so lelik praat nie! | Hy **behoort nie** so lelik **te** praat nie. |
| | Hy **moet** sy werk leer. | Hy **hoef nie** sy werk **te** leer nie. |

Hy skyn / blyk siek te wees.
Hy skyn / blyk nie meer siek te wees nie.

# BETREKLIKE VOORNAAMWOORDE (Relative pronouns)

**ONTHOU:**
*Persoonlike vnwe. word in die plek van name gebruik.
*Besitlike vnwe. dui besitting aan.

**BETREKLIKE VNWE.:**
*Betr.vnwe. (relative pronouns) word gebruik om verwante (relative) sinne te verbind.
*Betr. vnwe. (relative pronouns) word direk ná die selfstandige naamwoord gebruik.
* Betr. vnwe. (relative pronouns) verwys na die mens, dier of ding wat direk voor hulle staan.
* Betr. vnwe. (relative pronouns) is in groep 3; dus gaan die werkwoord na die einde van die sin.

1. Ons gebruik WAT (who: which) vir MENSE, DIERE en DINGE

bv.  Die seun is die kaptein.  Die seun skop die bal.
Die seun wat die bal skop, is die kaptein.

bv. Daar is die kat. Die kat vang 'n muis.
Daar is die kat wat 'n muis vang.

bv. Die appel is baie suur. Ek eet die appel.
Die appel wat ek eet, is baie suur.

2. Ons gebruik 'n voorsetsel + WIE vir MENSE:
MET WIE (with whom)
AAN WIE (to whom)




bv. Die meisie is mooi. Hy trou met die meisie.
Die meisie met wie hy trou, is mooi.

bv. Die man is sterk. Sy is verloof aan hom.
Die man aan wie sy verloof is, is sterk.

3. Ons gebruik WIE SE vir MENSE, wanneer daar 'n besitlike voornaamwoord is.




bv. Die meisie huil hartseer. Haar ma moet gaan werk.
Die meisie wie se ma moet gaan werk, huil hartseer.

bv. Die man is kwaad. Sy motor is gesteel.
Die man wie se motor gesteel is, is kwaad.

4. Ons gebruik WAAR + voorsetsel vir DINGE:
bv. WAAR + IN = WAARIN (in which)
bv WAAR + OP = WAAROP (on which)




bv. Die bad is vol skuim. Die baba sit in die bad.
Die bad waarin die baba sit, is vol skuim.

bv. Daar is die stoel. Ek sit op die stoel.
Daar is die stoel waarop ek sit.

**LEER DIE VOLGENDE:**

| WAT + VOORSETSEL | | | VOORSETSEL + DIT | | |
|---|---|---|---|---|---|
| wat + in | = | waarin | in + dit | = | daarin |
| wat + van | = | waarvan | van + dit | = | daarvan |
| * wat + vir | = | waarvoor | * vir + dit | = | daarvoor |
| * wat + met | = | waarmee | * met + dit | = | daarmee |
| wat + deur | = | waardeur | deur + dit | = | daardeur |
| wat + aan | = | waaraan | aan + dit | = | daaraan |
| wat + by | = | waarby | by + dit | = | daarby |
| wat + uit | = | waaruit | uit + dit | = | daaruit |
| wat + oor | = | waaroor | oor + dit | = | daaroor |
| wat + na + toe | = | waarnatoe | na + dit + toe | = | daarnatoe |

# BEDRYWENDE en LYDENDE VORM

(Active and Passive Voice)

*Sinne in die BEDRYWENDE VORM begin altyd met die onderwerp.

*Sinne in die LYDENDE VORM begin altyd met die voorwerp.

Bv. Charlie skop die bal.

Bedrywende vorm (active voice)



Lydende vorm (passive voice)

Bv. Die bal word deur Charlie geskop.

WENKE (tips) wanneer jy die lydende vorm doen:

1.*Soek eers jou WERKWOORD en omkring dit sodat jy kan sien in watter tyd dit is.
bv. Die meisie gooi die blom nat.

2.*Soek nou die ONDERWERP en die VOORWERP in die sin.

bv. Die meisie gooi die blom nat.

3.*As daar 'n VOORNAAMWOORD is, onthou om dit te verander.

bv. Sy gooi die blom nat. Die blom word deur haar natgegooi.

4.*Onthou die WOORDORDE: TYD, WYSE, DEUR, PLEK



bv. Die meisie gooi elke dag die blom versigtig in die tuin nat.

Die blom word elke dag versigtig deur die meisie in die tuin natgegooi.
VOORWERP werkwoord TYD WYSE DEUR onderwerp PLEK (ww) + ge + werkwoord



| | Object | Verb | When? | How? | Subject | Where? | Verb +ge | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Teenwoordige Tyd | Voorwerp | word | Tyd | Wyse | Deur Onderwerp | Plek | ge- | |
| Toekomende Tyd | Voorwerp | sal<br>kan<br>moet<br>gaan<br>behoort<br>hoef | Tyd | Wyse | Deur Onderwerp | Plek | ge-<br>"te" geen "ge-" | word |
| Verlede Tyd | Voorwerp | ~~het~~ is | Tyd | Wyse | Deur Onderwerp | Plek | ge- | |

ONTHOU: Al die werkwoorde kry GE- in al die tye!

TEENWOORDIGE TYD WORD + GE-

bv. Al die kinders speel speletjies.

Speletjies word deur al die kinders gespeel.

TOEKOMENDE TYD SAL GEspeel WORD

bv. Al die kinders sal speletjies speel.

Speletjies sal deur al die kinders gespeel word.

VERLEDE TYD IS + GE-

bv. Al die kinders het speletjies gespeel.

Speletjies is deur al die kinders gespeel.

LEER HOE DIE VOORNAAMWOORDE VERANDER:
HY verander na → deur HOM
SY verander na → deur HAAR
EK verander na → deur MY
JY verander na → deur JOU